DIE OES IS GROOT - DIE ARBEIDERS IS MIN!

Meeste van ons kom daagliks in ons handel en wandel met verskeie mense in aanraking. Nie almal wat ons pad kruis is Christene of hang die Christelike geloof aan nie. Die vraag is hoe hanteer ek ander mense of hoe sien hulle my? Neem ek deel aan skinder praatjies, vloek ek saam, drink ek my dronk, slaan ek my vrou, ens?

Kan mense (vriende, familie, vreemdes) sien watter God ek aanhang? Is my gedrag die van iemand wat die beeld van Christus uitdra - nie net Sondae by die kerk nie maar reg deur die week? Hoe lyk my gedrag wanneer daardie taxi minibus reg voor my stop sonder waarskuwing?

Om uit te gaan en dissipels vir Christus te werf moet ek Sy beeld uitdra en in liefde met my medemens omgaan! Dit gaan egter nooit maklik wees om vir Hom op te staan as ek my self bevind tussen mense wat nie leef soos Hy van ons verwag nie. Hy waarsku ons in die Bybel in Lukas 10:3 reeds dat Hy ons instuur soos lammers tussen die wolwe.

So - hoe bly ek staande? Ek moet konstant bid vir krag en Sy opdrag uitvoer soos geskryf in Matt 28:19 ... *Gaan dan heen na al die nasies en maak die mense my dissipels* - ongeag die pyn of swaarkry wat dit veroorsaak gedurende die proses.